PERSVRYSTELLING
VIR ONMIDDELLIKE PUBLIKASIE

29 April 2009

PSG KONSULT KRY DIE GROEN LIG VIR T-SEC SE OORNAME

Die oorname van T-Sec se private kliënte-aandelemakelaarsdivisie deur PSG Konsult is pas deur die mededingingsowerhede goedgekeur. Dit is PSG Konsult, een van die land se voorste onafhanklike finansiële beplannings- en aandelemakelaarsmaatskappye, se vyfde groot oorname in vier jaar.

Willem Theron, uitvoerende hoof van PSG Konsult, het gesê ondanks die uitdagende ekonomiese toestande is die finale goedkeuring van die transaksie ’n verdere stap om die maatskappy met vertroue strategies vir toekomstige groei te posisioneer.

Die oorname bring mee dat twee van land se mees gevestigde internet-gebaseerde aandeleverhandeling-platforms, PSG Online wat onder PSG Konsult as ’n aparte entiteit sake doen, en T-Sec (voorheen Tradek), saamgevoeg word.

PSG Konsult bestaan uit ’n landwye netwerk van 193 kantore wat deur meer as 500 finansiële beplanners, korttermyn-versekeringsmakelaars en aandelemakelaars beman word. Ingevolge die transaksie met T-Sec sal PSG Konsult 10 500 nuwe private kliënte tot sy bestaande basis van meer as 110 000 kliënte voeg. Sowat 5 000 van die nuwe kliënte sal regstreeks deur PSG Online van dienste voorsien word. T-Sec se drie makelaarskantore in Sandton, Pretoria en Kaapstad sal voortaan onder die PSG Konsult-banier sake doen.

Theron het gesê die oorname, wat sowat R 51 miljoen tot PSG Konsult se totale omset sal voeg, maak strategies baie sin en gee die maatskappy nou nóg groter verteenwoordiging met adviseur-spanne in sentrale sakedistrikte. Dit is ook deel van die PSG Konsult-model om goeie geleenthede te benut wanneer dit hom voordoen en die maatskappy reg te posisioneer vir wanneer die finansiële markte weer groei begin toon.

Einde

Uitgereik deur MediaVision namens PSG Konsult

Media navrae

Willem Theron
Uitvoerende hoof
PSG Konsult Bpk
Tel: (028) 316 4735
Sel: 082 557 2132
E-pos: willem@psgkonsult.co.za

Gerhard Cloete
MediaVision
Sel: 083 300 6850
E-pos: gerhard@mediavision.co.za